

Vanaf Jerusalem tot Babilon



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

2 Konings 21:10-16, Daniël 1, Galasiërs 2:19 en 20, Matteus 16:24-26, 2 Korintiërs 4:17, Jakobus 1:5.

Geheeteks:

“God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitleë” (*Daniël 1:17, NAB*).

Die Bybel draai nie doekies om oor die swakhede van die gevalle mens nie. Vanaf Genesis 3, regdeur die Skrif, word die sondigheid van die mens en die tragiese gevolge daarvan duidelik ten toongestel. Terselfdertyd het ons ook voorbeelde van bybelkarakters wat deur dik en dun aan God getrou gebly het, selfs te midde van byna onweerstaanbare aansporings tot ontrouheid. Die aangrypndste voorbeelde van sulke getrouheid is te lese in die boek Daniël.

Laat ons egter in ons bestudering van dié bybelboek nie die ware held miskyk nie: die lewende God. Ons hoor graag die verhale van hoe getrou Daniël en sy vriende was. Uiteindelik vergeet ’n mens om lof te bring aan die Een wat, uit trou aan die mens en te midde van die magsvertoon en aanloklikhede van die Babiloniese Ryk, hierdie vier jongmans op koers gehou en deurgedra het. Om in jou eie land en tuisdorp getrou te bly, is opsigself ’n reuse uitdaging – wat nog te sê wanneer jy jou in ’n vreemde land, kultuur en godsdiens bevind! Tog bied al die hooffigure in Daniël – d.w.s. die mense wat ons daar teëkom – inderdaad hierdie uitdagings die hoof. Hulle is die vergestaltung van Paulus se bekende woorde: “Want ek weet in wie ek geglo het” (*2 Tim. 1:12, OAB*). Op Hóm het hulle inderdaad ook vertrou.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 11 Januarie.*

God se opperheerskappy

By die eerste aanblik lyk dit of Daniël op 'n geweldige laagtepunt, op 'n nederlaag begin – met Juda wat hulle oorgee aan Nebukadnesar en sy leër, waarna die tempelgereedskap uit Jerusalem verwyder en na die landstreek Sinar geneem word. Die woord šin'ār [uitspraak: sjiën-aar] verskyn ook in Genesis 11:2 en is die plek waar die toring van Babel gebou is. Sinar dui op iets onheiligs. Dit is 'n slegte voorteken en sinspeel op 'n gruwel: die doelbewuste en openlike uittarting van die Skeppergod. Hoewel die mense van Babel dit nie duisende jare tevore kon regkry om die hemel met hul toring te bereik nie, wil dit hier voorkom of Nebukadnesar en sy gode – met die landstreek Sinar as hul setel – die oorhand oor die Verbondsgod van Israel gekry het.

Let egter op die eerste paar sinne van Daniël. Die profeet sê duidelik dat Jerusalem se nederlaag nie aan die superieure militêre mag van die Babiloniese koning toe te skryf is nie. Nee dit het om 'n ander rede gebeur: “Die Here het vir koning Jojakim oorgegee in Nebukadnesar se mag” (*Dan. 1:2; NAB, klem verskaf*). Baie lank terug het die Here sy volk gewaarsku: moenie My en die verbond tussen ons versaak nie, anders gaan Ek julle na vreemde lande laat wegvoer. So, Daniël het geweet dat 'n mag wat vêr bokant die Babiloniese Ryk verhewe was en is – te wete die God van die hemel – die verloop van die geskiedenis bepaal. Dit is hierdie klinkklare besef – dat God die Koning van die konings is – wat hierdie jongmans deurgedra het, en wat hulle die krag en moed gegee het om die versoekings en druk van die Babiloniese samelewing die hoof te bied.

Lees 2 Konings 21:10-16, hoofstuk 24:18-20, asook Jeremia 3:13. Hoekom het die Here vir Juda en Jerusalem aan die Babiloniërs oorgegee?

Met al die uitdagings van die een-en-twintigste eeu waarmee die gelowige te kampe het, moet ons hierdie beeld van 'n soewereine God, wat hier so duidelik in Daniël vasgevang word, as moderne gelowiges herwin. Volgens hierdie bybelboek is die God wat ons dien, nie net die Hemelkoning wat die mag van wêreldryke en moondhede in 'n bepaalde rigting stuur nie, maar ook die Redder-God wat genadiglik ingryp en sy kinders die broodnodige hulp in tye van krisis en nood gee. En soos ons later sal sien, sal die Here dieselfde bystand aan sy eindtydkinders as aan die Hebreuse ballinge van ouds verleen, ongeag die aanvalle wat hulle en hul geloof moet trotseer.

Voor watter uitdagings word jou geloof deesdae gestel; hetsy kerklik, buitekerklik of selfs innerlik (a.g.v. persoonlike swakhede of karaktergebreke)? Hoe kan 'n mens leer om op die Here en sy krag staat te maak ten einde hierdie uitdagings op die geloofspad te oorkom?

Geloof onder druk

Lees Daniël 1. Watter druk word op hierdie jongmanne uitgeoefen om gelykvormig aan die wêreld te word?

Met hul aankoms in Babilon kom die vier jongmanne voor 'n ernstige uitdaging van hul geloof en waardes te staan: hulle word gekies om spesiale opleiding te ondergaan ten einde te dien in die koninklike hof. In die antieke tye het die konings graag ballinge aangestel om as hofamptenare te dien. Sodoende kon die ballinge die godsdiens van hul volk, asook hul lojaliteit aan die koning van hul geboorteland prysgee, en vir dié van hul nuwe meesters verruil. Die hele proses was juis 'n tipe bekering en indoktrinasie, om 'n verandering in wêreldbeskouing by die balling in te skerp. As deel van dié proses moes die vier jong Hebreërs nuwe name kry. 'n Nuwe naam dui natuurlik op 'n verandering in eienaarskap en ook lewenslot. Met die herbenaming van ballinge wou die Babiloniërs dus probeer om gesag oor hul nuwe onderdane uit te oefen en om hulle te dwing om Babiloniese waardes en die Babiloniese kultuur te assimileer. Die Hebreuse jongmans se geboortename wat op die God van Israel gedui het, is vervang met name wat volksvreemde gode vereer het. Daarbenewens besluit die koning dat die jongmanne kos van sy tafel moes eet. Om saam met die koning te eet, het egter destyds groot implikasies ingehou. Voortaan sou die eter slegs lojaal aan die koning wees, en was derhalwe 'n soort afhanklikheidsverklaring. Die feit dat die kos gewoonlik aan die betrokke koninkryk se god of gode geoffer is, het boonop 'n diepe religieuse dimensie aan die koning se kos gegee. Duidelik het dit op 'n aanvaarding van, en deelname aan, die koninklike aanbiddingstelsel neergekom.

So bevind Daniël en sy vriende hulle dan 'n penarie. Om aan die Here getrou te bly en terselfdertyd die oorweldigende kultuurdruk van die imperiale stelsel te oorleef, het inderdaad 'n wonderwerk vereis. Om alles te kroon was die stad Babel 'n majestueuse monument ter ere van die mens en sy prestasies. Die argitektoniese prag van die Babiloniese tempels en die hangende tuine, asook die Eufraatrivier wat deur die stad gekronkel het, het Babel die toonbeeld van onoortreflike mag en majesteit gemaak. Om die koning se kos te nuttig, was dus 'n gulde geleentheid vir Daniël en sy vriende tot bevordering en om die vrug en voordeel van Babiloniese welvaart te geniet – m.a.w. hulle het nie meer nodig gehad om Hebreuse ballinge te wees nie, hulle kon die hofamptenare van 'n magtige koning wees! Die vraag wat elkeen hom moes afvra, was: sal ek my beginsels prysgee, en liewers die kortpad na roem en gemak volg?

Hoe kon hierdie jongelinge mak-mak die prysgee van hul oortuigings ter wille van 'n gunstige plek in die nuwe samelewing verskoon het? Op watter maniere kom die moderne gelowige voor dieselfde (dog waarskynlik subtieler) uitdagings te staan?

'n Vaste voorneme

Lees Daniël 1:7-20. Twee dinge blyk duidelik uit hierdie verhaal: dat Daniël sy Godgegewe reg tot vryheid van keuse gebruik het en ook dat God ongesiens ingegryp het. Watter belangrike beginsels kom hier na vore?

Dit wil voorkom of die vier Hebreuse ballinge nie juis kapsie teen hul nuwe Babiloniese name gemaak het nie. Waarskynlik kon hulle niks daaraan doen nie, behalwe natuurlik om wel hul Hebreuse name te gebruik wanneer hulle met mekaar gepraat het. Betreffende die koning se kos en wyn kon hulle wel 'n keuse uitoefen – om daarvan te nuttig of dit van die hand te wys. Die vier jongmans se vryheid van keuse was (en is) hier die deurslaggewende faktor.

“As die hoofpaleisbeampte dan hul name kon verander, kon hy sekerlik ook die spyskaart verander,” was seker hul redenasie. Daar is waarskynlik twee redes waarom die vier nie kos van die koning se tafel wou eet nie. Eerstens het daardie kos bes moontlik onrein vleis bevat (*Levitikus 11*). Tweedens is die voorbereide kos eers as 'n simboliese maaltyd aan 'n afgodsbeeld geoffer, waarna dit aan die koning opgedien is. Daniël vra dus ander kos vir hom en sy vriende, maar hy wend hom nie tot voorwendsel of misleiding nie. Hy stel dit onomwonde dat godsdienstige oortuiging sy beweegrede is en sê dat die paleis se kos hom en sy vriende sal verontreinig (*Dan. 1:8*). Duidelik was dit besonder dapper van die seuns! Die interaksie tussen Daniël en die hoofpaleisbeampte gee 'n mens heelwat stof tot nadenke. Eerstens besef Daniël in watter moeilike posisie hy die beampte geplaas het, en stel derhalwe 'n toets voor. Tien dae sou genoeg wees om die voordele van die alternatiewe dieet aan te toon en sou so die hoofpaleisbeampte se vrese te besweer. Tweedens was Daniël vas oortuig dat die uitkoms positief sou wees, en dit ten spyte van die korte tiendagtoets. Duidelik het hy die Here ten volle vertrou. Derdens dui die verbintenis tot groente en water op die oorspronklike dieet wat ons stamouers by die skepping ontvang het (lees Gen. 1:29), wat dalk 'n bydraende faktor in Daniël se besluit was. Is daar, per slot van rekening, 'n beter dieet as die een wat God ons oorspronklik gegee het?

Daniël gee hier uiting aan sy Godgegewe reg om te kies. Hoekom is dit so belangrik? Hoe baan dit die weg vir die Here se optrede in dié verhaal (lees Dan. 1:9)? Wat leer ons hieruit oor die belangrikheid van ons keuses? Hoe behoort ons vertrou in die Here ons keuses te beïnvloed?

Sonder liggaamsgebrek en verstandig

Daniël en sy vriende word as hofbeamptes gekies omdat hulle aan Nebukadnesar se kriteria voldoen het. Volgens die koning mag kandidate geen “liggaamsgebrek” gehad het nie, en hulle moes “mooi” wees (*Dan. 1:4, NAB*). Interessant genoeg moes Israelitiese offerdiere en diegene wat tempeldiens gedoen het ook “sonder liggaamsgebrek” wees (*Lev. 22:17-25, hfst. 21:16-24; NAB*). Hier lyk dit of die koning van Babilon homself met die God van Israel wil vergelyk, soverre hy dieselfde vereistes in sy hof probeer stel het. Aan die anderkant dui sulke vereistes moontlik op die feit dat Daniël en sy vriende, te midde van die vele uitdagings in ’n heidense Babilon, lewende offers aan die Here was.

Lees Galasiërs 2:19 en 20, Matteus 16:24-26 en 2 Korintiërs 4:17. Wat leer ons uit hierdie teksverse – hoe moet ’n mens maak om getrou aan God te bly, ongeag die versoekings waarmee jy te kampe het?

Die Here beloon die getrouheid van die vier Hebreeuse ballinge – na afloop van die tiendagtoets is hulle gesonder met meer lewenskrag as die ander studente wat van die koning se kos geëet het. So skenk die Here dan aan sy jong diensknegte “verstand... en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid;” en ’n bykomende talent aan Daniël: “[Hy] kon enige gesig of droom uitlê” (*Dan. 1:17, NAB*). Daniël se gawe sou ’n deurslaggewende rol in sy profetiese bediening speel.

Die Here beloon die geloof van sy diensknegte in die koninklike hof te Babel. Net so skenk die Here wysheid aan sy moderne diensknegte, ten einde die uitdagings van dié ou wêreld die hoof te bied. Uit Daniël en sy vriende se wedervaringe leer ons dat ’n mens inderdaad ’n vrome lewe te midde van al die afbrekende dinge op aarde kan lei. Dit toon ook dat die gelowige hom of haar nie van die samelewing en van die kultuurlewe hoof af te skei in ’n poging om God te dien nie. Daniël en sy vriende leef nie net in ’n kultuur wat om dwaalleer en mites gewef is nie, maar word in daardie einste dwaalleer en mites opgelei. Tog bly hulle getrou.

As gelowiges kom ons almal voor dieselfde uitdaging te staan, ongeag waar jy jou bevind: om te midde van onbybelse kulturele en sosiale invloede getrou aan jou oortuigings te bly. Identifiseer die negatiewe invloede in jou kultuur en vra jou af: Hoe suksesvol verset ek my daarteen?

Die laaste assessering

Lees Daniël 1:17-21. Wat is die geheim tot hierdie vier mans se sukses? (Lees ook Job 38:36, Spr. 2:6 en Jak. 1:5.)

Na drie jaar se opleiding aan die “Universiteit van Babilon” verskyn die vier Judeërs voor die koning vir ’n laaste assessering. Hulle lyk nie net gesonder as die ander studente nie, maar is ook slimmer en wyser as die res. Die vier jongmans word onmiddellik deur die koning in diens geneem. Onthou egter dat die kennis wat hulle opgedoen en die wysheid wat hulle verkry het, waarskynlik deurspek van paganisme was. Nietemin het hulle dit geleer, en boonop goed ook, hoewel hulle nie daarin geglo het nie.

Dalk het koning Nebukadnesar die vier Judeërs se prestasies aan die paleisdieet of die Babiloniese opleidingsprogram toegeskrywe. Daniël en sy vriende het egter die teendeel geweet – en die opgetekende gebeure toon dit duidelik – dat Babilon beslis nie die rede vir hul bobaasvertoning was nie. Nee, al hierdie dinge het van Bo gekom. Dit was en is voorwaar ’n kragtige getuienis van die dinge wat God in ons lewens kan vermag as ons net op Hom wil vertrou. Ons behoort nie die oorweldigende mag van die media of van regerings te vrees nie, ook nie van enige ander instellings wat dreig om ons identiteit as kinders van die Here te ondermyn nie. Deur geloofsekerheid weet ons dat die Here ons deur moeilike omstandighede sal dra; en ons sal bewaar, kom wat wil. Die sleutel tot sukses is om telkens reg te kies wanneer ons geloof uitgedaag word.

Uit Daniël 1 kan ’n mens ’n paar baie belangrike lesse oor die Here leer: (1) Dat die verloop van die geskiedenis in Sy hande is; (2) dat Hy ons die wysheid gee om ons weg deur die mynveld van kultuur en samelewing te baan; en (3) dat God elkeen beloon wat deur hul gewetens en deur hul leefstylkeuses op Hom vertrou.

Die hoofstuk sluit af deur te sê: “Daniël het in diens van die paleis gebly tot die eerste regeringsjaar van koning Kores” (*vers 21, NAB*). Hierdie verwysing na Kores is noemenswaardig – ’n ligpuntjie te midde van die Babiloniese ballingskap. Dít was die man wat God gekies het om sy volk te bevry sodat hulle na Jerusalem kon terugkeer. Hoewel die hoofstuk met ’n oënskynlike nederlaag en ’n ballingskap begin, sluit dit af met ’n sprankie hoop en die belofte van ’n tuiskoms. Dit is hoe onse God is: te midde van die moeilikste probleme kry Hy vir ons ’n voet in die deur. Hy skenk ons hoop, sodat ons deur al die pyn en lyding ’n vreugdevolle en glorieryke toekoms kan raaksien.

Vir verdere studie:

“Wanneer ’n mens Daniël en sy vriende se jeugjare in Babilon met Josef en sý eerste paar jaar in Egipte vergelyk, was Daniël-hulle beter daaraan toe as Josef. Tog is Daniël en sy vier vriende behoorlik getoets, ’n vuurdoop wat intensiteitsgewys kwalik teen Josef s’n afgesteek het. Hierdie tienerseuns, wat van adelike afkoms was, is uit hul Judese ouerhuise geneem – wonings wat in vergelyking met dié in Babilon betreklik eenvoudig was – en word na die mees majestueuse stad in die destydse wêreld, na die hof van die magtigste heerser in daardie ryk geneem; waar hulle vir spesiale opleiding gekeur word ten einde amptenare aan die koninklike hof te wees. Hoe vreeslik aanloklik was die vele versoekings in daardie plek van weelde en verdorwenheid nie! Die feit dat hulle, die aanbidders van Jehova, ballinge in Babilon was; dat die huis van God geplunder en die heilige voorwerpe in die afgodstempel in Babel geplaas is; dat die koning van Israel self ’n gevangene van die Babiloniese Ryk was – al hierdie dinge het die trotse Babiloniërs as ’n bewys gesien dat húl godsdien en húl kulturele gebruike beter as dié van die Judeërs was. Te midde van al hierdie [tragiese] omstandighede – omstandighede wat Israel vanweë hul verwaarlosing van God se gebooie oor hulself gebring het – het die Here sy opperheerskappy, die verhewenheid van sy heilige voorskrifte, asook die onaanvegbare gevolge van gehoorsaamheid aan Hom, aan Babilon getoon. Hierdie getuienis het die Here gegee deur die enigste getuies wat dit kon bring: diegene wat steeds getrou aan die Skeppergod was” (Ellen G. White, *Education*, bl. 54).

Vrae vir bespreking:

1. Bespreek die volgende in klastyd: Met watter kulturele en sosiale uitdagings het ons as gelowiges in die hedendaagse wêreld te kampe? Hoe kan ons as ’n kerk leer om hierdie uitdagings tesame te bowe te kom?
2. Dink net hoe maklik dit moes wees vir Daniël en die ander Judese ballinge om hul geloof prys te gee. Die Babiloniërs het die Judeërs per slot van rekening verower. Die Jode was ’n verslane nasie. Daniël en sy landgenote kon bloot boedel oorgegee het. Hulle kon sê: “Wel watter verdere bewyse het ’n mens nodig, die Babiloniërs het immers gewen? Duidelik is die Babiloniese gode groter as die God van Israel!” Die vraag is dus: Aan watter bybelwaarhede kon Daniël-hulle vashou om hulle deur daardie besonder moeilike tye te dra (*lees Jer. 5:19 en hfst. 7:22-34.*)? Wat leer ’n mens hieruit oor die belangrikheid van bybelkennis en oor ’n deeglike kennis van die “teenswoordige waarheid”?
3. Getrouheid is ’n belangrike eienskap, en nie net tussen ons en God nie. Dit is ook ’n getuienis voor ander van die goedheid van God. Hoekom is ons getrouheid ook belangrik vir ons medemens?